

HOOFSTUK 1

INLEIDING EN ORIËTERING

1.1 Inleiding

Kommunikasie in die klaskamer word allerweë deur navorsers belangrik geag (Cazden, 1988; Hodge, 1993). Die primêre taak van 'n onderwyser is om onderrig te gee en onderrig kan nie sonder 'n kommunikasiehandeling van een of ander aard plaasvind nie.

Fenstermacher (1986:38) en Steyn (1988:247) stel dit trouens dat die *interaksie* wat daar tussen die onderriggewer en leerder plaasvind een van die wesenstrekke van onderrig is. Steyn (1988:247) gaan verder en kwalifiseer hierdie interaksie as *menslike, begeleide* interaksie, wat kommunikasie impliseer.

Dit blyk uit bogenoemde dat daar 'n baie nou verband tussen kommunikasie en onderrig bestaan. Die afleiding kan gemaak word dat onderwysers doeltreffend moet kan kommunikeer ten einde doeltreffend te kan onderrig gee.

Daar bestaan 'n aantal faktore wat doeltreffende kommunikasie kan belemmer, waaronder die verskynsel wat as kommunikasievrees bekend staan. Richmond en McCroskey (1989:37) beskryf kommunikasievrees as die mate van vrees, angs of ongemak wat 'n individu ervaar tydens verwagte of werklike kommunikasie met ander. Hoë vlakke van kommunikasievrees wat deur individue ervaar word, kan hul gedrag op verskeie wyses beïnvloed soos byvoorbeeld om kommunikasie sover as inoontlik te wil verniy of om 'n kommunikasiesituasie te ontwrig (deur byvoorbeeld te hikkel of stotter) of selfs probeer termineer (deur ontwykend te wees of onvanpaste antwoorde op vrae te verskaf).

Aangesien onderrig deur middel van kommunikasie geskied, spreek dit vanself dat kommunikasievrees 'n nadelige invloed op die doeltreffendheid van onderrig mag hê. Benewens hierdie feit het kommunikasievrees ook 'n nadelige invloed op die beroepslewe van onderwysers. Richmond en McCroskey (1989:74) wys daarop dat persone met hoë kommunikasievrees minder beroepsbevreëdiging ervaar, maar ook dat hul nie so gereëlik bevorder word (of wil bevorder word) soos persone met lae kommunikasievrees nie. Daar bestaan verder 'n negatiewe korrelasie tussen akademiese prestasie en kommunikasievrees (Comadena & Prusank, 1988:270) en 'n lae selfbeeld en hoë kommunikasievrees korreleer positief (McCroskey, Daly, Richmond & Falcione, 1977:269).

Dit is dus van belang dat die aard en omvang van kommunikasievrees van HOD-studente (aspirant-onderwysers) bepaal word. Daar moet ook vasgestel word of hul professionele opleiding (waarin genoemde studente in 'n hele aantal beplande kommunikasiesituasies hulle kommunikasievaardighede moet oefen) enigsins 'n invloed op hul kommunikasievrees het. Sou dit nodig blyk, behoort verdere navorsing gedoen te word ten einde programme te ontwikkel wat ten doel sou hê om kommunikasievrees van HOD-studente te laat afneem.

Uit voorafgaande kan die volgende probleemvrae geformuleer word:

- 1 Wat is die aard en omvang van kommunikasievrees van HOD-studente?
- 2 Vind daar 'n verandering plaas ten opsigte van kommunikasievrees gedurende die finale (professionele) jaar van HOD-opleiding?

1.2 Doel van die ondersoek

Die ondersoek het ten doel om:

- 1.2.1 Die aard en omvang van kommunikasievrees van HOD-studente te bepaal.
- 1.2.2 Te bepaal of daar tydens die finale/professionele jaar van HOD-opleiding 'n verandering in kommunikasievrees plaasvind.

1.3 Metodes van navorsing

1.3.1 Literatuurstudie

'n Literatuurstudie is onderneem om op hoogte te kom van navorsing of aanverwante navorsing wat op die gebied van kommunikasie in die algemeen, klaskamerkommunikasie en kommunikasievrees gedoen is. Inligting wat op dié wyse verkry is, is bestudeer en geëvalueer, waarna daar tot bepaalde gevolgtrekkings gekom is.

Resente tydskrifartikels en navorsingsverslae is deur middel van DIALOG-soektogte uit die ERIC-databasis opgespoor.

1.3.2 Empiriese ondersoek

1.3.2.1 Navorsingsontwerp

Daar is van 'n ex post facto-ontwerp gebruik gemaak. Elke student vul aan die begin van sy/haar HOD-opleiding die vraelys wat kommunikasievrees meet, in en ook na afloop van elk van die twee praktiese onderwysperiodes. Daar is van data gebruik gemaak wat vanaf 1990 versamel is.

1.3.2.2 Populasie

Al die HOD-studente aan die PU vir CHO vanaf 1990 tot en met 1994 ($N = 636$ - getal soos in Februarie van elke jaar).

1.3.2.3 Meetinstrument

Daar is van McCroskey (1978) se vraelys, die sogenaamde PRCA (Personal Report of Communication Apprehension) gebruik gemaak, aangesien hierdie meetinstrument steeds algemeen gebruik word en oor 'n hoë mate van betroubaarheid en geldigheid beskik (McCroskey, 1978:192).

Die vraelys is vertaal en effens aangepas om ook kommunikasievrees tydens klasgeesituasies te bepaal.

1.3.2.4 Statistiese tegnieke

Daar is van die volgende tegnieke gebruik gemaak:

- berekening van persentasies
- rekenkundige gemiddeldes
- effekgroottes

1.4 Program van navorsing

HOD-studente het tydens drie geleenthede, naamlik by die aanvang van hul professionele opleiding (in Februarie), na afloop van die eerste praktiese onderwysperiode (in Junie) en dan na afloop van hul tweede praktiese onderwysperiode (in September) vraelyste ingevul wat hul kommunikasievrees meet (kyk paragraaf 1.3.2.2). Die gegewens wat op hierdie wyse verkry is, is met behulp van die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO verwerk, ten einde die vlakke van kommunikasievrees van HOD-studente vas te stel. Daar is

ook vasgestel of daar enige verandering in die vlakke van kommunikasievrees tydens die professionele opleiding plaasvind. Hieruit het sekere bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings voortgevloei.